Die voorbidder se gebedstaak

- Gebedsteikens
- Gebedsendelinge
- Hoe om vir die onbereikte groepe/nasies te bid
- Hoe om vir ongeredde mense te bid
- Hoe om vir jong bekeerlinge te bid
- Hoe om vir die regering en persone in gesagsposisies te bid
- Hoe om vir huwelike en families te bid
- Hoe om vir 'n stad/dorp te bid
- Hoe om vir siekes te bid

Deur die jare het gelowiges wat omgee vir ander en 'n behoefte ervaar om vir ander te bid, dikwels na my gekom en gevra: Hoe moet ek in hierdie situasie bid? Dikwels wil mense bid, maar vanweë gebrek aan kennis, weet hulle nie hoe om vir die spesifieke saak te bid nie.

Vind inligting oor al hierdie aspekte op die web blad. Sien hierdie as riglyne en nie as volledig uitgewerkte studiestukke nie. Gebruik die inligting om jou te stimuleer en voeg self sake by soos die Gees van die Here dit op jou hart lê. In elke nuwe situasie leer die heilige Gees vir ons spesifieke nuwe dinge om te bid, want situasies is nooit identies nie. Ons moet waak teen stereotipe gebede. Gebede, strategieë en metodes wat in een situasie gewerk het, werk nie noodwendig in 'n volgende situasie nie. Dit maak die luister na influisteringe van die Heilige Gees onontbeerlik.